

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Jan van Egipte

## 27 Maart

(sterf c.394)

Hy was een van die bekendste van die vroeë Woestynvaders en in sy eie tyd is hy as profeet beskou. Hy is uit 'n armoedige huisgesin gebore in Lykopolis in Egipte. Soos sy pa is hy opgelei om 'n skrynwerker te word en hy het dié ambag beoefen totdat hy op 25-jarige ouderdom besef het God roep hom om 'n kluisenaar te word. Hy los alles om 'n lewe te lei wat totaal aan gebed en God toegewy was. Nadat hy jarelank onder die geestelike begeleiding van 'n ou kluisenaar geleef het, bring hy ook tyd in etlike kloosters deur voordat hy vir homself 'n kluisenaarshut naby Assiut gebou het met net een venster waardeur hy met besoekers kon praat. Daar word vertel dat honderde mense die woestyn ingegaan het om met hom te praat en sy raad en voorbidding te vra. Hy voorspel twee militêre oorwinnings vir die keiser Theodosius wat dan ook so gebeur het. In 1925 het argeoloë die oorblyfsels van sy kluisenaarshut ontdek.